

die beuel hoor blaas, al wei hy alleen, dan ruk hy sy kop en ore op en draf voorwaarts om as 't ware in gelid te staan, daar steek hy vas, want hy ken die ruik van die kruitdamp.

Hier het ons dus die redes waarom die ou Genootskap van Regte Afrikaners nie weer, en nooit weer sal vergader nie. Hulle is nie slegter geword om hulle verguis is nie, en ook is hul nie beter geword omdat hul geprys geword is nie. Maar dit het hulle geleer: —

' In die hand van liefde is vergewing; in die hand van medewerking sit krag; en in die hand van broederskap sit eensgesindheid en vriendskap — almal wat die wêreld vir ons so mooi en bekoorlik maak.

---

## § 14 — DIE FONETIESE SPELLING.

Ds. S. J. du Toit, as president van die Genootskap, het 'n betowerende invloed op die lede en die skrywers uitgeoefen; sy ideaal was altyd 'n streng fonetiese spelling vir Aftikaans. Maar sy plan was om dit in te voer eers wanneer daar duisende lesers was, wat Afrikaans goed en vloeiend kan lees. Intussen het hy die intekenare van die *Patriot* en *Ons Klyntji* daarvoor voorberei, en toe hy dit invoer het dit die goedkeuring van sy broer, Oom Lokomotief, en C. P. Hoogenhout nie weggedra nie — hulle wou hul hou aan die spelling, wat hom met die tyd self ontwikkel het uit geskrifte van die intekenare onder die leiding van die redaksie. Dog ds. du Toit het sy plan deurgedryf teen die sin van die meeste ondersteuners

van Afrikaans as skryftaal. Later ná Oom Lokomotief en Hoogenhout die redaksie verlaat het, word die streng fonetiese spelling deurgaans gehandhaaf deur ds. du Toit wat nou die redakteur van die *Patriot* en *Ons Klyntji* geword het. Dus moes die lesers en skrywers die nuwe vorm aanneem of, hul geheel onttrek. Gou egter het hulle hul aan die gedwonge skryfvorm aangepas dog teen hul sin. Van toe af was die Afrikaanse boeke daarin gedruk en ook al die Afrikaanse skoolboekies. Dit alles het die belangstelling in ons taal nie verslap nie — die bewys hiervoor is, dat geeneen van die intekenare, terwille van die spelling, vir die blad en tydskrif bedank het nie; ook het die verkoop van die *Afrikaanse Almanak* of mevrou Dykman haar *Kookboek* in geheel nie verminder nie — een herdruk volg spoedig die ander. Die Kookboek was in 1890 uitgegee en het in 1912 reeds 15 herdrukke beleef.

Wat eintlik die fonetiese spelling van ds. du Toit so onpopulêr gemaak het, was, die kerktal was nog Nederlands gebly, ook was sekere dokumente daarin opgetrek, verder was die offisiële taal van die twee Republieke Nederlands — alles wat die aanleer van Nederlands min of meer vir die Hollandssprekende deel van die volk verpligtend gemaak het. Hierby kom dat Engels ook op die skole die medium van onderwys was, en gevolglik het die streng Afrikaansfonetiese spelling as 'n derde spelling 'n nuwe las vir die léerling geword in plaas dat dit sy moeilik-hede verlig het. Dan, die groot sondebok was die vorm van die letter *f* wat die *v* vervang het — die twee letters stel wel dieselfde klank voor, maar verskil in gedaante soveel van mekaar dat dit die oog

onder die lees altyd hinder. Was dit miskien andersom, nl. dat die *v* die *f* vervang het, soos bv. *kav* (vir kaf), of *geloov* (vir geloof), dan sou dit waarskynlik al die stoornis nie so erg veroorsaak het nie. Hoe dit ook al sy, die fonetiese spelling was onder die publiek baie onpopulêr. Dit het ds. du Toit self eindelik ingesien en hy en sy volgelinge het later tot die ou skryfvorm teensinnig terugkeer, soos ons in die volgende artikel verder sal opmerk.

Om 'n tiepiese voorbeeld te gee watter toppunt die fonetiese spelling en letterkunde van die Eerste Taalbeweging bereik het, gee ons die volgende uit *Ons Klyntji* van Oktober 1906, getieteld SJAKAS WRAAK 'N MISLUKKING« deur Jacobus Tredqux Odendaal:

»Siin jy daardie twé mysiis?« Fra Sjaka an syn groot indoena — raadsman — by di dans ter ferering fan Sjaka syn swart osse. Di indoena had syn foortreflikhyd fereerd met di titel fan Mlomo Ka Sjaka — mond fan Sjaka — en wat net so wreed was as syn koning. »Morre sal jy hulle na my bring, sulke is waardig fan Sjaka. Kyk: is een beter in befallighyd en houding? Né! Ha! Ha! By di gode: hulle sal di allerferhewenste fan my frouens wees?«

Ditmaal was Sjaka reg, en weldadig betrekkelik hulle foorkom: twé foortreffliker Soeloedames dan Amansi en Kitegile sou moeilik gewees het om te kry tussen di duisende wat nou dans. Syn twé heldinne staan 'n paar tré foor hom. Altwé ontmoet syn aanblik wat, ofskoon in syn te'enwoordige humeur, te duidelik syn wraakgirige gees in hom ferlig. Hulle oge fal met 'n gewaar-

wording fan ingeboesemde frees by voorbaat op di toekoms.

Die follende morre, toen di frindelike strale fan di son uitskyn, staan Amansi en Kitegile op, en terwyl hulle dit doen, seg di een fer di ander dat dit 'n mooi dag is. Helaas fer hulle sou dit gou so donker wees as 'n sterloos nag!

Frolik was hul besig o'er di dans fan gister te redeneer en foorberydels fer di eerste maal te maak, toen hulle plotseling fan kop na voete staan te sidder o'er di ferskyning fan Mlomo Ka Sjaka wat hulle di woord van sy koning kom sê, tegelyker tyd op sy kni'e kruip ter ferering fan di toekomstig hoogste, ferhewenste frouens fan Sjaka. Mar tot syn grootste ferwondering en ferbittering staan hul streng o'erend en ferkiis om liwers te sterwe, dan om di frouens te worde fan 'n koning wat hulle haat; en naderhand mar tog fermoor word; want Sjaka het al sy frouens, wat moeder sou worde, laat dood maak.

»Ek jou mond, grootste fan alle konings, het Amansi en Kitegile georder, maar hulle het gewy'er en di grond ni gesoen wat jy, di grootste fan algar o'erwin het en op trap; en ek het gou gekom om hulle gedrag te kenne te gé. Ha! Ha! — onwaardige frouens fer jou!«

Hiirop spring Sjaka op in syn woeste drif fan wraak, dans en skré nes 'n malman. Hy skeur di deurskynende geflegte gras weg wat foor syn bouse gesig hang, om te ferhinder dat imand di foortreflike gesig moet siin as net by spesiale gevalle.

»Ferfloek is hulle en hulle geeste!« skré hy.

»Uitgesonder di sole fan hulle foete sal hulle lewendig afgeslag worde; en net so sal met hulle geeste gedaan worde. Seg aan my grootste toferkundige: wanneer hulle afgeslag en dood is, om hulle geeste by aankoms te fang, en net so an di te doen, dat ook hulle dood is; — dood so lank as di berge sal bestaan!«

Hy swyg toen en staam ademloos, regop as 'n pilaar, asof fersteen fan woede, sy wyd ope wrede oge kyk uit syn kop, as fan di satan uit di bodemlose diipte. Uitgeput met ferbolgenhyd, blyk syn kragte hom te begewe, en plotseling gaat hy sit, en gebiid sy raadsman om di geflegte gras foor syn gesig weer in orde te maak, waarna, met 'n soen op di grond foor syn koning syn foete, Mlomo 'Ka Sjaka sy afskeid neem. (Om die vonnis van Sjaka beter te kan verstaan vervolg die skrywer dat slange die geeste van afgestorwene is; dus moes die eerste die beste slang wat aangeseil kom ook lewendig afgeslag word. — G. R. v. W.)

Die verhaal word in di Desember nommer voortgesit: —

»Moet ons afgeslag word?« fra Amansi an haar vrindin as of in 'n onsin ferrassing.« Hau! — ek is ni bang ni fer di dood, as was oek myn fader ni; Anamanhla — het krag — mar, om afgeslag te word! — myn liggaam word koud bô mate by di gedagte daarfan. Ma je baba! Ma je baba!« — o, my fader! — By di woorde snel dit in haar geheuge hoe ook haar fader ter dood gebreng was deur Sjaka, mar hoe dapper hy sig verdedig het totdat di doodsteek hom

ne'ergefel had. Fasbesluit gryp sy haar skildfel en assegaai op, en volg haar dapper faders voorbeeld, om fegtende te sterwe; en haar frindin deed diselfde.

Mhlisi Wembubesi — hart fan di leeu — kom frolik an te marseer as o'erwinnaar fan di oorlog met di leeu wat een fan Sjakas geliifkoosde osse di forige nag gefang het. Hy was daarheen georder deur di koning om di naam wat hy besit, en dapper gewin had, toen nog mar 'n seun, in 'n gefeg met Sjakas bitterste vyand. Dit was di woorde fan Sjakas uitbarsting fan woede toen hy di nuws fan di leeu syn brutale indring hoor:

»Whlisi Wembubesi, de dapperste fan alle manne, dit is di woord fan Sjaka: Hy met twintig fan di dapperste fan syn resiment, sal ni eet, nog drink ni, foordat myn os gewreek is ni; en wi ook al di leeu sal dood maak, an hom sal di twé frouens fan syn begeerte gegé word!«

Di leeu was inderdaad gedood, en deur di sterk arm fan Mhlisi Wembubesi self. Ni 'n myl afstand ni, in 'n fly fan dik lang gras, was di leeu gekry wat heel bedaard die wag hou o'er sy roof. Di dapper jong generaal, ferlangend om syn vyand te ontmoet, marseer frolik an di hoof fan syn uitgelesene fegsmanne, algar goed gewapend en in folle uniform fan tiirfille en osterte om di arms en bene, toen, geheel onferwags di monster in gesig moes kyk, met mar 'n paar tré wat hom en syn fyand ferwyder. Di uur het gekom, nou, of nooit sou di mysi kon gewin word ni wat hy fan kindshyd af liif had. Met syn manhaftige blik gefestig op di leeu syn

wrede oge, kom di gesig fan Amansi hom as 'n bliksemlik duidelik foor di gees, ferliggende, as het ware, syn gehele siil. Hoe edel ferskyn sy in haar drag fan gister; hoe goed dans sy. Weer sag hy haar as toen hulle di laaste afskyd neem, en met welke trots sy naar hom gekyk het, met fol fertrouwe op di bekwaamhyd fan haar be-minde syn sterk arm. Di sekonde tik: op gaan syn skild en di assegai, as 'n pyl uit di boog, skiit foorwaarts fan di goed geoefende arm en land thuis! Dit was as of di aarde béwe fan di ferskriklike brul fan di diir toen hy deur di lug fliig naar syn bestryder, wat, diselfde by forige onderfonde had, keer di slag af fan di leeu syn poot met di groot skildfel en land 'n geweldige slag met 'n oorlogsbyl. Di leeu fal ne'er — dood; en Mhlisi Wembubesi spring o'er syn slagoffer — nog di algemene gewoonte by di Soeloe as oorwinnaar — toen hy omkyk naar syn manne, en 'n trotse glimlag syn gesig fersiir.

Di held kom spoedig om di nuws fan syn o'erwinning an Sjaka te bring, en syn beloning te ontfang, toen helaas — wat sou hy siin dan dat Amansi en haar frindin in 'n hewige gefeg ferkeer met enige fegsmanne; met Mloma Ka Sjaka an di hoof! Ofskoon hy seker was dat dit meen di uitfoering fan di koning syn fonnis tog wonder hy waarom hulle ni dadelik dood-gesteek werd ni. O! by di gode, dit fal hom binne dat hulle ongetwyfeld lewendig afgeslag moes worde! Syn hart was in 'n geweldige onsteltenis fan louter vreugde toen hy naby was, met di gedagte dat Amansi binnekort syne sou

wees, en di plotseling teleurstelling was meer dan hy kon ferduur: Natuurlik toegene'endhyd o'erwin en di frees fer Sjaka ferdwyn. Hy dag o'er befryding en wraak, mar ni o'er dood ni, en met een spring foorwaarts was hy tussen hulle, toen altwé mysiis, geheel uitgeput, an syn foete fal. Hy roep luid met 'n gedetermineerde klank in syn stem, en seg:

»Ek, Mhlisi Wembubesi, het gekom, en by die gode, sal julle ferlos, of sterwe!«

»Hou! — hoe kan jy.« Seg Amansi. »Moet Sjaka ni gehoorsaam wees nie?«

»Bly stil!« antwoord hy kortaf, en met 'n wrede gelaat kyk hy woedend na Mlomo Ka Sjaka en gebiid:

»Gaats en seg an di grootste fan alle konings, di os is gewreek, di leeu is dood, gefel deur di hand fan Mhlisi Wembubesi wat Amansi en Kitegile altwé smee te hê fer syn beloning!«

Gou was Mlomo Ka Sjaka trug met die boodskap dat hulle fonnis ook op Mhlisi Wembubesi fal, min bewus dat syn ynde so naby was. Skaars was di laaste woorde fan syn lippe toen Mhlisi Wembubesi, so snel as 'n falk na hom toe spring en hom 'n dodelike slag met syn oorlogsbyl toebting, [toen Mhlisi Wembubesi in 'n posisi gereed om te feg, kalm en beslis syn heldhaftige orders an di heldinne geef, as hy sou gedaan het an di hoof fan 'n groot resiment in 'n bloedige slagfeld:

»Wees moedig, en feg dapper tot di ynde toe!«

Hul gehoorsaam, en 'n hewige gefeg fond plaas, wat yndelik met di dood fan dri an di



ander kant, ingesluitende Mlomo Ka Sjaka. Mhlisi Wembubesi had 'n ligte flyswond, en di heldinne was ongeskond. Di o'erige fyf fegmanne, bekend met di bekwaamhyd fan Mhlisi Wembubesi, had nou wat trug getrap en wag op di fersterkings wat met hewig geskré fan alle kante toestroom; en toen hy dit siin kommandeer Mhlisi Wembubesi andermaal:

»Folg my!« seg hy en draf stadig fort. Ni foordat hy weg was begin di agterfolging, en in folle spoed. Onge'ergerd hou di dri mar hulle gang, en was dan ook gou opgefang deur fiir fan di flugste nafolgers, mar tefore had Mhlisi Wembubesi syn orders gegé dat hulle di skildfelle tussen di skouers moes hou om 'n mo'enlike goi af te keer, en dat hulle mar onge'ergerd moes fortdraf, en as hulle na genoeg is, dan sou Mhlisi Wembubesi di teken gé deur 'n fooruit spring te maak, en onmiddelik moes hulle omspring en probeer raak steek. Di assegai lemme fan hulle furige ferfolgers was reeds in di hoogte en glinster in di strale fan di nou rooi ondergaande son. Geheel onbedag op 'n molike te'enstand in hulle brandende dors fer bloed, dag hulle net aan di begrawing fan hulle assegaie in di liggame fan Sjakas moedige fyande, met skildfelle in linkerhand onferskillig an hulle sy. Twé maak fer Mhisi Wembubesi en twé fer die heldinne, mar was onferwags o'erfal, en dri fal dood ne'er. Di een bewus fan syn posisi soebat om genade fan Mhlisi Wembubesi met syn rug naar Kitegile, en sy, sonder fersuim, dryf haar brede assegaai in tussen syn skou'ers; ook hy

was 'n saak fan di ferledene. Di nou grote kommande, uit oorsaak fan 'n te finnige wegspring begin stadig trug te fal. Ferder en ferder win di flugteling distansi totdat hulle uit die gesig ferdwyn. Dit was nou donker, en ofskoon 'n ferder poging angewend was, tog was dit te fergeefs.

'n Week later arrifeer Mhlisi Wembubesi met syn twé frouens by Taba Boesego in Masoeteland, alwaar hy hartelik ferwelkom was deur di Masoetoeopperhoof Moshswesh. Kortoe hiirna het baing Mhlisi Wembubesi syn foorbeeld gefolg, en was net so ferwelkom deur di barmhartige en slimme Moshswesh.

Omtrent tiin maande later was Sjaka fermoor deur syn broer Dingaan — en beloond fer syn wreedhyd.

Bostaande verhaal gee meteens 'n tiepiese voorbeeld van die soort lektuur waarna die Genootskap verlang het om voor die lesers te plaas. Natuurlik het elke skrywer sy eie styl ontwikkel, so vind ons stukke van slegter gehalte, en dan weer van beter. Maar in ieder geval het die skrywer nie soseer na kuns gestreef nie, maar steeds die spreektaal as die hoogste doel beskou. So het Odendaal hier ook nie sy verhaal sodanig op sielkundige ontroerings geskoei nie — terwyl hier baie goeie geleentheid voor was — maar het dit vertel in 'n verhaaltrant soos ons aldag uit die mond van 'n goeie spreker hoor.

---

## § 15 — DIE TYDPERK VAN »ONS TAAL«.

Hierdie kort periode, toe die tydskrif *Ons Taal* in die plek van *Ons Klyntji* getree het, behoort nog aan die Eerste Afrikaanse Taalbeweging, maar kan nie as 'n uitgawe van die ou Genootskap beskou word nie. Hieraan het Oom Lokomotief, Hoogenhout en — op 'n paar na — die ou skrywers nie deelgeneem nie. Nuwes het in die veld getree onder wie Totius, dr. Brumer en ander jonger skrywers wat feitlik aan die Tweede Afrikaanse Taalbeweging behoort het.

Ds. du Toit het ingesien dat die meeste van sy ou volgelinge hom verlaat het terwille van die politieke rigting wat hy toe ingeneem het, so het hy hom tot die jonger geslag gewend om hom in die Afrikaanse taalbeweging te steun, want om Afrikaans tot skryftaal te verhef was sy groot ideaal, wat hom dierbaar tot aan sy dood gebly het. As redakteur van *Ons Taal* het hy al ingesien dat die streng fonetiese spelling, wat hy so met mag en krag verdedig het, baie onpopulêr onder die lesers was — vernaamlik onder die studerende jonger geslag en ook dat dit baie gewilliges vir medewerking afgestoot het. Daarop rig hy — soos ons reeds meegedeel het — 'n versoek aan almal om mee te werk om Afrikaans tot sy regte te laat kom, en voeg daarby: »Skryf en spel soos julle wil,« wat gelyk staan met »Ons skryf soos ons praat.«

Dit voer toe weer die spelling en skryfvorm terug na waar dit begin het. Om uit te vind waar die lesers en skrywers eintlik na verlang, word die blou potlood

van die redaksie baie minder aktief, wat natuurlik tot gevolg gehad het, dat destyds 'n verwarring in die Afrikaanse skryfvorm teweeggebring is, soos ons letterkundige geskiedenis vantevore en daarna nie geken het nie. Selfs die redaksie kon hul nie somar uit die staanspoor van die fonetiese spelling losmaak nie — baie maal word die *ei* deur *y* en die *ie* deur *i* vervang soos blyk uit die volgende (sien *Ons Taal*, Mei 1909, bls. 28): —

### PAPINIANUS.

Karakalla was die ouere seun van 'n regte goeidge *Kyser* wat 'n jongere seun had met die naam van Septimus, wat altyd ver syn vader baing tot hulp gewees is in syn gewigtig en verantwoordelik bestuur, want hy was 'n skrandere en gehoorsaam jongeling, en het dus heelwat meer afgewet van 'n billik bestuur oer die volk as syn ouere broer, wat maar 'n losbol was en daarby van 'n vervolgsug en wrede geardhyd. Die ou vader het in syn testament ver Septimus as Regent benoem, wat hier soveul beteken as Hoofbestuurder van die *Kyserryk* tot hulp van syn broer; want as die ou man wettig kom te sterwe dan kom Karakalla, as Kroonprins, op die troon. En so is dit ook gebeur. Want nie te lank daarna nie is die ou vader o'erlede en is Karakalla vollens wet as *Kyser* uitgeroep o'er die volk, iets wat hom dan ook goed gesmaak het om syn haas ontembare ruwhyd maklik uit te voer.

Dit het nie te lank geduur nie of die nuwe

*Kyser* het dit agter gekom dat die onderdane ver syn broer meer toegenege is as ver hom; dit het hom gaarnie aangestaan nie. Hy werd jaloers en wel so erg dat hy enige booswigte omgekoop het om syn broer uit die weg te ruim. Onverwags storm hulle in syn kantoor op Septimus aan wat die gevaar gewaar word en na syn moeder toe vlug wat hom in haar arms ontvang en ver beskerming omhels, dog hy werd in 'n oogwenk in haar arms met dolke deurboor en vermoor, sodat haar klere met bloed werd o'er-stroomd, waarna die moordenaars sig uit die voete gemaak het.

Die moord het 'n grote opspraak verwek en het 'n streng en noukeurige ondersoek verëis, waarna dit het begin uit te lek dat daar 'n sterk vermoede bestaan teen die *Kyser* as die hoof-bewerker van die moord, en alles blyk daarop uit te loop dat die *Kyser* sig voor die Hoge Regbank sal moet verantwoorde.

Dat so 'n saak, waar die *Kyser* syn hand *mé* in had voor die Regbank moet kom, geef geen alte gunstige indruk op die volk nie, dit voel hy self, dog hy kan die beste advocaat in syn ryk uitkies om die saak te bepleit wyl hy self nie nodig het om dit te doen nie. Daartoe kies hy syn hof-advocaat, Papinianus, wat dan ook die vernaamste, eerlikste en regverdigste was. Inplaas van soetsappig te wees jegens die *Kyser*, het hy hom dugtig o'er die kole gehaal as die bewerker van die moord en beskuldig die *Kyser* as die eigenlike bloeddorstige moordenaar van syn onskuldige broer en weiger beslis om die

saak te bepleit. Dit was 'n grote skande vir die *Kyser* wat vreeslik boos werd en in woede *ver* (vir?) Papinianus dadelik laat oppak en laat ombreng onder beskuldiging als die mees gevaarlike wat tot skade en nadeel is in syn ganse *Kyserryk*. Dit was by die aanvang van syn regeering: — 'n Onskuldige dubbel moord. — Of die *Kyser* 'n vreedsaam einde had is te betwyfel. — Lees hiermé in verband 1 Kon. 2 : 1, 5, 6 en 28 tot 34.

Tot so ver die verhaal.

Dit is die spelling en skryfvorm wat die Genootskap gebruik het voor die streng fonetiese spelling deur ds. du Toit ingevoer is. En dit is die spelling en skryfvorm wat die Eerste Afrikaanse Taalbeweging aan die Twede oorhandig het [die letter *v*, en ook *ei*, *ie* en *ee* word gebruik soos nou die geval is].

Maar ons het verneem dat die spelling gedurende die kort tydperk van *Ons Taal* 'n ongekende verwarring was, dit word opgehelder deur onderstaande voorbeelde: —

Die redaksie het in een paragraaf soms *ij* en *y* gebruik soos te lees is in *Ons Taal*, Maart, bls. 10: —

As 'n Uil *klijntjies* het, bring *sy* gemiddeld 40 muise op 'n dag naar haar nes, ens.

Een perd kan op 'n kanaal 'n skuit trek met 'n vrag van 25 ton teen  $2\frac{1}{2}$  *mijl* in 'n uur, ens.

.... Wat daar veral syn opmerkzaamheid getref het was dat daar 'n hele party hakies doorn bome leg wat opgespoel is uit die see.... Dus moet dit van ver af *aangedrijwe* wees.

Maar nou ontstaan die vraag of die verskille nie maar die nukke is van die drukkerduiwels nie. Ek is geneig om dit aan hulle toe te skrywe en aan die agtelosigheid van die proeflesers wat nie genoeg hulplig uitgeoefen het nie. Nooit het ek *ij* vir *y* geskryf nie, en tog begin 'n sekere bydrae van my aldus (sien *Ons Taal* Mei 1909 bls. 8): —

»Die mense was *altijd* gewoon om eers vir Hans Wunder somar Hans te noem . . . . *Hij* was so wild vir Mapaan, die Kaffir-wonderdokter, as 'n bok vir 'n skot hael« . . . .

Verder in die stuk word die *y* inplaas van die *ij* gehandhaaf.

Hier volg nou 'n stuk deur die redaksie geskryf; aan die styl en spelling is dit duidelik dat dit nie uit die pen van ds. du Toit, die hoof-redakteur van die tydskrif, gevloei het nie. (Sien *Ons Taal* Julie 1909 bls. 23): —

## AFRIKAANSE VERHALE

### UIT OUE BERIGTE

Die lesers wat die vollende mededeling nog nie gehoor het nie, hoop *ik* sal dit nie onaardig vinde nie. Wel, julle moet weet dat enige huisgesinne, van vroegere inwoners in die geweste van Newveld tesame 'n geselskap opgemaak het, om tot verandering van weiveld, met hulle vee meer noordwestelik te trek tot waar dit die Vlak of vlakte genoem word. Daar gekom en in die ope uitgestrekte vlakte, het hulle wel by elkander, maar sodanig *gekampeer* (tente opgeslaan?) dat

die kleinvee van die eienare veral snags onder opsig van die wagtters nie deurmakaar raak nie, ieder klomp had syn legplek, naby die *wa'e* en tent tot nagverblyf. Oral in die omtrek was kuile water, sodat daaraan *gin* gebrek was nie, en die veld was baing mooi. Dog die eerste aand en nag die beste, het die jakhalse sig flink laat hoor, dog daar werd nie veel *notisi* van geneem nie, want die eindelose antwoorde van die honde op die vervelende *muziek* het die jakhalse genoop om op 'n mees veilige afstand te bly.

'n Paar dage later werd 'n wolfbesoek in die nag waargeneem. Die vollende morre werd bespeurd dat hy uit *di* geweste gekom het waar enige bergtoppe op 'n seer verre afstand gesien word. By die *kamp* (staanplek?) was net 'n oop gespalkte droge beesvel; aanstons werd in die midde daarvan 'n gat gesny iets kleiner als die kop van 'n gewone wolf; die vel werd in die rigting van die gebergtes op 'n voegsame afstand van die *kamp* (staanplek?) af gebreng; daar werd op 'n mooi gelyke plek die gras 'n *bitji* weggeskoffel, 'n gat in die grond gegrawe van omtrent anderhalf voet diep, 'n stuk vet *vlys* so effe in die vlam gebraai en in die gat gegoi; nou word die beervel daarop neergeleg met die 2 gate reg-o'er mekaar, rondom word die vel 'n *bitji* toegegooi met gras en grond; en toen gaan die mense terug naar die *kamp* toe, want dit was toen reeds aand geworde.

Dit was skaars middernag toen die honde geweldig begin te blaf in die rigting van die vel. Blykbaar het die wolf op die ruik aanstonds uit-



gevinde waar die braai*v*lys was, sy kop agter die neus aan so lank geboor het tot dat dit dwarsdeur die velgat glip, dog toen was dit klaar praat! —

Die vollende morre was al wat leef op die hol, die honde natuurlik voor. Op 'n hele afstand was dit reeds 'n vreemde gesig om die wolf sy kop soos 'n *stoppie* (stippel?) op die vel te sien met die ongewone halsdoek om syn nek; daar sit hy toen regop oor die vel heen die wêreld te bekyk. Aan boldermakisie, honderumoer, mense gelag ens. was daar nou *gen* gebrek nie. Dit het wel 'n paar ure geduur voor dat die vreemde konsternasie afgeloop was. Of die wolf syn kopstuk met 'n hele huid terug gekry het, is deur *nimand* meegedeel nie. Die slot was, dat hy nie weer terug gegaan het om te vertel hoe broekskeur hy dit gehad het nie.

Tot so ver die verhaal.

Uit die wisselvorms van woorde het dit baie maal gebeur dat die redaksie hul nie uitsluitend in dieselfde artikel tot die gebruik van een vorm bepaal het nie. So vind ons op bladsy 23, *Ons Taal* van Juli 1906, deur dieselfde skrywer in een paragraaf: »*teun* 'n randji« en 'n 70 woorde verder: »vas *teen* die kakebeen,« en so meer.

Wat het dit alles veroorsaak dat die spelling en woordgebruik in die tydperk van *Ons Taal* so onvas was? Ds. S. J. du Toit die hoofredakteur, was besig op sy plaas Kleinbosch, Daljosaphat, Pêrel, sy boerdery het baie van sy tyd in beslag geneem, dat hy nie elke dag die kantoor van die blad gereeld

kon besoek nie en het die grootste deel van die werk aan die klerke op die kantoor oorgelaat. Verdere opheldering is dus nie nodig nie. Met *Ons Klyntji* was die geval heel anders: hy het naas die kantoor in dieselfde gebou in die Pêrel gewoon en kon dus gereeld op kantoor wees, of die klerke naas aan hom gereeld besoek.

Wat die spelling en woordgebruik van die korrespondente betref was hulle taamlik aan hulself oorgelaat — wat hulle nie verknoei het nie, het die letter-setters en proeflesers vir hulle gedoen — van redaksieweë was daar geen streng toesig nie.

Dit is juis in hierdie tyd dat die Twede Taalbeweging begin het; die Kaap, Vrystaat, Transvaal en Natal het 'n eie spelling gehad. En gevolglik bekragtig dit die woorde: Dat destyds 'n verwarring in die Afrikaanse skryfvorm teweeggebring is soos ons letterkundige geskiedenis vantevore en daarna nie geken het nie.

---

## KULTURELE DEEL.

### § 16 — HOE KULTUURWERK AANGEPAK WAS.

**D**IE letterkundige en kulturele werk deur die Genootskap verrig, is so nou ineen gevleg dat dit moeilik val om 'n skeiding tussen die twee te trek. Gevolglik is die grootste gedeelte, wat onder hierdie hoof val, reeds in die voorafgaande handel, ons kom dus op baie punte weer terug.

Die vernaamste taak, wat die Genootskap tot doel gestel het, was oortuigingswerk. Hulle moes die volk oortuig dat Hollands nie meer ons taal is nie, maar wel Afrikaans. Ons het reeds verneem dat dit op die platteland makliker gegaan het, as in die dorpe waar die Engelse skoolinvloed harde weerstand gebied het. Ná hierdie waarheid eenmaal aan die bevolking duidelik geword het, kon die Genootskap sy weg makliker deur onkunde baan en die voortou neem om die onbevoorregte weetgieriges te lei langs paaie, waarop hul aanskou en dinge hoor wat hul gedagte-wêreld vantevore nie binne gestap het nie.

Aangespoor deur die *Patriot* en *Ons Klyntji* om ou gebeurtenisse aan die vergetelheid te ontruk, om die dade van helde te boekstaaf, om beskrywings van wonderlike plekke, diere en ander dinge te gee en so meer, so het die twee organe van die Genootskap nooit mank gegaan aan interessante lees-

stof nie — waarin net kultuurwerk en nie juis kuns gesoek moet word niet.

Wat die Hollandse koerante en tydskrifte van daardie dae minder aantreklik gemaak het as die wat nou in ons tyd verskyn, is die smaaklose inleidings, wat die leser met 'n ompad lei tot waar hy wil wees — net om 'n soort van geleerdheid te toon. Vir goeie korrespondente, as 'n reël, was toe nie gesorg nie. En dan het die korrespondente meer gesukkel met hul Hollandse taal as nodig, waardeur hul manier van voordrag al sy bekoorlikheid verloor het. Alles genoeg om 'n onwillige leser die lus, om te lees, te ontnem.

Die redaksie van die *Patriot* het die nadele hiervan ingesien en het meer 'n vertroulike geselsstyl aangekweek wat natuurlik in die smaak van sy lesers geval het. Die skrywers het onbewus die geselstrant oorgeneem, en dit op sigself was 'n uitmuntende oefenskool om die swak skrywers te leer om hul gedagtes behoorlik op papier uit te druk. En selfs die lees van die belangwekkende stukkies het die minder geskooldes onderrig om hul gedagtes in meer en pasliker woorde uit te druk — iets wat ook baie tel in die kultuurstryd,

Hollands het die plattelandse mense nie behoorlik geken nie, Engels nog minder; en is dit nie 'n groot kultuuroorwinning om die tonge van 'n doofstomme volk los te maak deur hulle 'n kans te verskaf om hul in Afrikaans uit te druk nie?

Die skole van daardie tyd moes alles verrig, maar die medium van onderwys in Goewermentsinrigtings was pure Engels, wat natuurlik gerig was teen die Afrikaanse kultuur. So was hierdie opvoedkundige

plekke eer 'n wapen om selfstandige gevoel en eie kultuur af te breek in plaas van om dit op te bou.

En dan die Hollandse koerante en geskifte het maar steeds bly hamer op die bewering dat die volk goed Nederlands kan verstaan, waardeur hulle nooit die siel van die bevolking bereik het nie. Wel, was hul nuusdraers om die nuus van die dag te vertel, maar in die kultuurstryd het hul niks beteken en ook niks uitgevoer nie.

Waar moes dit heen geloop het as die Genootskap die wapens nie opgeneem het nie? Waar sou ons op die gebied van eie kultuur vandag gestaan het as daardie ou verroeste toestand so moes voortgeduur het?

Indirek het die Genootskap, sonder erkenning, baie bygedra om die Nederlandse taal in Suid-Afrika te laat opvlam. Die Kerk, wat die vaandeldraers van die Nederlandse taal was, was met die invoering van nuwighede te besig om aandag te skenk aan hul offisiële taal. Maar toe die Genootskap so hard geywer het om Afrikaans tot skryftaal te verhef, skrik hul eers wakker en beskou dit as 'n gevaar vir Nederlands — maar die Engelse preke saans in die Hollandse kerke was by hulle as geen gevaar vir Nederlands beskou nie. Die *Patriot* het die teologiese kweekskool en die Engelssprekende leraars oor die kole getrek en hul op die gevaar gewys. In plaas om dit in dank aan te neem, het die Kaapse Sinode — soos reeds vermeld — twee dae van hul kosbare tyd verkwis om die banvloek oor die Genootskap en sy voortbringsels uit te spreek. En dit was die Albertse Boerevereniging — ondersteuners van die *Patriot* — wat die eerste vir die regte van

Hollands in die Parlement opgekom het. Daarna laat die Kerk hom hoor, maar 22 predikante en ouderlinge het op die Sinode teen die voorstel gestem.

Weet ons *nou* — nee *lankal* — wie die eerste vir Hollands in die parlement aangeklop het? Die Genootskap het goed geweet dat daar maar baie min volksraadslede sal wees wat suiwer Nederlands kan spreek — die meeste sal tog maar Afrikaans gebruik. Dus met 'n ompad sal hulle tog eindelijk hul doel bereik. Die Tweede Taalbeweging was met Hollands in die parlement reeds gewapen en het op prysenswaardige wyse vasgetrap om Afrikaans deur ons hoogste wetgewing erken te kry as één van die twee offisiële landstale. En dit net 50 jare na die Genootskap van Regte Afrikaners gestig is.

Wat die houding van die Kerk deurgaans betref, het daar geleidelik verandering ingetree. Die jonger predikante was die eerste om in te sien dat dit dwaas sou wees om Afrikaans te wil dood smoor, want dit was immers die lewende spraak, wat op die lippe van die bevolking leef. Liewers om aanstoot aan hul ouer broer te gee, het hulle hul oor die onderwerp suinigies uitgelaat, later het hulle openlik voorstanders van Afrikaans geword en dit verdedig. Van toe af het die kultuurstryd in die boesem van die Kerk sy ontstaan ontleen. Die nuwe jong predikante, wat die diens binne tree, was op 'n paar na almal verdedigers van die moedertaal. Op die verskillende Sinodes word die onderwerp met 'n heel ander gesindheid bespreek en wel meestal in die Afrikaanse taal. En eindelijk het die jonger leraars dit so ver gebring dat Afrikaans nie alleen deur die Kerk, as liggaam, erken word nie, maar ook word op die verskillende Sinodes

besluit om die Bybel in Afrikaans oor te sit, en tans word in baie Hollandse kerke net in Afrikaans gepreek. Die ou vyandige teenstand, op 'n weinig na, het verdwyn. Wanneer van die vyandige houding van die Kerk melding gemaak word, dan lê die skuld nie altyd by die predikant en kerkraad nie, maar baie maal net by die gemeente; want daar is etlike gevalle waar die leraar sterk vir Afrikaans voel, dog sy gemeentelede wil hom nie toelaat om in hul moedertaal te preek nie.

Wanneer ons die toestand, wat in 1870 geheers het, met dié van die teenswoordige meet en daarby onbekend is hoe dit vir 'n halwe eeu gelede toegegaan het, verval ons lig tot onjuiste gevolgtrekkings. In die oudae was daar maar baie, baie min binnelandse dorpies wat soiets as 'n biblioteek besit het. En mog hulle oor 'n versameling van boeke gespog het, dan was dit Engelse boeke — vir Hollandse geskifte was daar baie min plek op die rakke en vir Afrikaans glad nie. Die oumense het maar sleg Engels geken, dus het hulle van die boekerytjies geen gebruik gemaak nie, die oorgrote meerderheid van die jonger geslag op die plattelandse dorpe het ewemin die Engelse taal geken; nou bly daar net 'n onbeduidende groepie oor wat van daardie boeke gebruik kon maak. Derhalwe was die biblioteke van daardie dae net om die Engelse kultuur te bevorder en het gevolglik geen die minste aansporing besit om Afrikaans te bevorder nie, nog minder om 'n Afrikaanse kultuur in die hand te werk. Die uitwerking hiervan het dan ook nie uitgebly nie. Daar het 'n stilstand ingetree, en die stilstand het tot agteruitgang gelei sonder dat Staat of Kerk hulle daarvoor bekreun het.

Was dit dan nie tyd om in te gryp nie? En die Genootskap van Regte Afrikaners het ingegryp! En hulle het die verwaarloosde volk met leesstof voorsien — *geskrywe in die taal wat hulle op moeder se skoot geleer het en waarin hulle hul gedagtes daaglik verklank*. Dit het geluk soos ons reeds bekend is. Dit is op sigself 'n stukkie dankbare kultuurwerk; en sou die Genootskap niks meer tot stand gebring het nie, dan verdien hulle hiervoor die volle waardering wat dit werd is.

Wanneer ons die ou lêers, of versamelinge, van die *Patriot* en *Ons Klyntji* deurblaai en lees, sal ons 'n duidelike beeld vind van die lewe, die sedes, geloof, bygeloof en die sosiale betrekkings van daardie tyd. Gedurig het die redaksie die skrywers aangemoedig om wetenswaardighede, wat oor en oor vertel word, op te teken en die aan die blaai te stuur. Dit was deur sommige gedoen, en sulke verhale word dan verder versprei. Om iets, wat iemand gelees het, oor te vertel stel hom in staat gebruik te maak van woorde deur die skrywer gebruik en dit vermeerder die verteller se woordeskat — wat ook as 'n vername kulturele ontwikkeling beskou moet word. Die leser bevind hom altyd in 'n skool waar hy meer woorde aanleer en gedurig vordering maak in sinbou, beskaafder taal, 'n gepaster wyse van uitdrukking en dies meer. En dit is juis hierdie soort lektuur wat 'n geskrif vir die swak leser aantreklik maak. Daar bestaan geen twyfel dat die *Patriot* en *Ons Klyntji* goed 'n 10,000 lesers gemaak het van mense wat tevore onverskillig was om 'n geskrif in hande te neem — sonder om melding te maak van die honderde jongmense wat hulle vir die taalstryd



en politieke organisasie voor berei het. Vandag nog handhaaf 'n koerant sy posiesie as kultuuropvoeder van die volk; want van alle geskifte word die koerante die drukste gelees. En dit is so menslik om alles te glo wat in druk verskyn — al was dit maar verdigsels, wanvoorstellings of selfs opsetlike leuens. Wie 'n koerant se mededeling in twyfel trek moet hoor: »Wat stry jy nog, ek het dit dan self in die koerant gelees.«

Hierdie vertroue in wat in druk verskyn oefen 'n sterk invloed op die dink van 'n leser, sódat selfs 'n ongeofende leser nie kan onderskei tussen 'n ware gebeurtenis en 'n verdigsel nie. Toe die verdigte verhaal *Di Koningin van Skeba*, deur ds. du Toit, in *Ons Klyntji* vir die eerste maal verskyn, het 'n menigte briewe die redaksie bereik om te vra of alles waar is. Vir 'n tyd gelede ontvang ek 'n brief van 'n jongman wat sy Standaard VI behaal het en hy vra: —

»Daar ek 'n liefhebber van boeke is, het ek ook onder andere 'n boek deur u geskrywe gelees, getiteld *Nimrod Seeling*. My oom kry die boek van my om te lees. Daar raak ons toe in twee. Is dit 'n ware gebeurtenis of nie? Ek sê *nee*, my oom sê *ja*. Lig ons asseblief 'n bietjie in.«

So is daar etlike gevalle wat tog maar uiteindelik dieselfde doel bereik — naamlik dit leer die mense om te lees.

---

## POLITIEKE DEEL.

### § 17 — DIE POLITIEKE STRYD.

**M**ET die invoering van Verantwoordelike Bestuur in 1872 in die Kaap Kolonie het op politieke gebied lewe ontstaan. Dit was sowat drie jaar voor die Genootskap van Regte Afrikaners opgerig was. Die Kaap het toe 'n Parlement gekry waarin Engels die offisiële taal was. Maar hoeveel van die Afrikaanssprekende voormanne van die binnelande en selfs van die dorpe was die taal volkome magtig? Dus was daar vir hulle in die Parlement geen plek nie, en so het die Engelssprekendes as parlamentslede die voortou geneem. Dit moes die Hollandse deel van die volk met leë oë aansien.

En dit word toe een van die vernaamste argumente van die Genootskap om Afrikaans deur die volk erken te kry en dan vir sy regte te veg tot binne in die Wetgewende Vergadering. Soos reeds opgemerk het die Genootskap ook vir die Hollandse regte hardnekkig geveg — wetende dat min lede Nederlands volkome magtig is, so sal die parlamentslede tog maar Afrikaans in hul toesprake gebruik. Die stryd gaan vereers om Hollands deur die hoogste gesag erken te kry.

Dit is reeds vermeld dat Albert (Burgersdorp) die stryd vir die regte van Hollands toe opgeneem het. In verband hiermee moet die name van Oom Daantjie

van den Heever en A. S. du Plessis — twee van die moedigste stryders vir Afrikaans — in hoë eer gehou word omdat hulle hul aan die voorpunt van die stryd bevind het. In die Parlement het J. H. Hofmeyr — wat die Genootskap tot so'n groot diens was — soos 'n leeu geveg om Hollands erken te kry, en hy het bly veg tot hy die oorwinning in 1882 behaal het.

Die feit dat die *Patriot* die petitiesies vir Hollands op eie kantoor laat druk het, deur eie agente laat versprei het en alle koste daarvan gedra het, toon al dadelik, wie die hitte van die dag gedra het. Die Kerk, wat ryker en beter georganiseer was, kon dit net so goed deur sy lede van die kerkraad laat doen het. Maar dit was eenmaal in die aard van die Genootskap, as hulle hul hand aan iets geslaan het, dryf hul dit met moed deur sonder hulle deur moeite te laat terugstoot.

Maar watter dank het hulle hiervoor ontvang? Reeds het die *Patriot* van 13 Januarie 1882 verklaar: —

»En selfs die beweging ten gunste van Hollands het sy ontstaan direk en indirek aan die Afrikaanse Taalbeweging te dank, al het die laaste ook slegs »stank vir dank« daarvoor as wêreldslon ontvang.«

Die indirekte invloed was, om die Hollands-gesindes aan te spoor om nog harder vir Hollands te ywer — al was dit net maar om Afrikaans te dwarsboom, of dit in die wiele te ry.

Omtrent die jaar 1879 was 'n belasting gelê deur die Kaapse Parlement op brandewyn; dit het groot ontevredenheid onder die wynboere veroorsaak, en het gelei tot die stigting deur J. H. Hofmeyr (Onse

Jan) van die vereniging met die lange naam van *Suid Afrikaanse Boerenbeschermingvereniging*, wat tot doel gehad het om net oor die belange van die boere (meer in besonder dié van die wynboere) te waak. Maar hulle wou hul nie met politiek inlaat nie. Art. 23 van hul konstitusie bepaal as volg:

»Die Suid Afrikaanse Boerenbeschermingvereniging zal zich niet inlaten met party-staatkunde als zoodanig.«

Dit spreek vir homself, dat die vereniging hom oorhandig het aan die grille van alle partye. Die *Patriot* het hom sterk uitgelaat oor so 'n beginsel en daarop is in dieselfde jaar die Albertse Boerevereniging gestig. Hierdie laaste vereniging onderneem om oor alle boerebelange die toesig te hou insluitende taal en ook politieke regte. Die *Patriot* gaan toe verder en bepleit die stigting van 'n *Afrikaner Bond* wat 'n politieke liggaam sal wees. Hierin het ds. S. J. du Toit die leiding, om 'n konstitusie uit te werk, op hom geneem. En, soos ons weet, is al die teenswoordige stelsels van ons partypolitieke verenigings op die model van die *Bond* se konstitusie gebaseer, want die organisasie daarvan was so uitstekend dat dit haas onverbeterlik was. Nou is dit nie meer die belange van die wynboer alleen nie, maar van almal — wat hul beroep of ambag ook al mag wees, nl. boere, koopliede, ambagsliede en professionele. In die begin het J. H. Hofmeyr die idee *op papier* uitstekend gevind, maar vrees dat dit in die praktyk nie goed sal werk nie, en gee sy redes daarvoor op. Die *Patriot* ontsenu Hofmeyr se besware, en hy beloof om die *Bond* nie teen te werk nie, dog gaan

steeds voort om takke van die Z. A. B. B. V. op verskeie plekke in Kaapland te stig.

Die allereerste Bondstak was op 16 Junie 1880 gestig op die plaas Rooidam van Jan Wiid in die distrik Hope Town; Calvinia en ander plekke volg. In die loop van 'n jaar was die Bond die Z. A. B. B. V. reeds voor.

Die *Patriot* word toe die offisiële orgaan van die *Bond* Om die taalkwessie te reël, het die Genootskap gou 'n plan uitgedink deur *De Tolk* as Hollandse byvoegsel tot die *Patriot* uit te gee, waarin al die verslae van die *Bond* gepubliseer word. In sy uitgawe van die 20ste Januarie 1882 sê die *Patriot*:—

»Ons stel Afrikaans nie as 'n *eis* nie; mar *eis vryheid* daarvoor omdat ons nie as »stomme« wil bywoon nie, waar ons wel iets kan *verstaan*, mar nie kan *saam praat* nie. Dit sal dus goed wees as ons provinsiale besture hulle met die taalkwessie *nie dadelik en beslis inlaat nie*.«

In die Vrystaat het die *Bond* goed voet gevat, spoedig was Hoofregter Reitz en ander regters daarvan lede.

Toe die *Bond* in die Transvaal in 1880 vordering begin maak, het die Driemanskap (President Kruger, Generaal Joubert en oud-President Pretorius) en ander invloedryke persone as lede toetree. Maar die oorlog 1880—1881 het die voortgang gestuit. Ná die end van die oorlog maak die *Bond* verbasende vordering in die Transvaal onder die bekwame leiding van Jacob Middel van Dalmanûtha. Die beweging word toe deur »De Volkstem« in die Transvaal en deur die »Express« in die Vrystaat vurig verdedig. Aldus

het die *Bond* in Suid-Afrika 'n sterk *mag* geword en het na die slagvelde van Laingsnek, Ingogo en Majuba nog 'n groter besieling van hom laat uitgaan.

Die groot invoed van hierdie politieke liggaam het nie meteens as 'n onweersslag uit die lug geval nie — die volk was daarvoor geleidelik ryp gemaak.

Gou het die lede van die Boerebeskermingvereniging gevoel dat hul vereniging aan sy doel nie beantwoord nie, geesdrif daarvoor het verslap, vergaderings word sleg bygewoon, naderhand glad nie, en daarop het hulle in 1882 op 'n nasionale vergadering te Cradock besluit om met die *Afrikaner Bond* te verenig.

J. H. Hofmeyer word toe die leier van die Bonds-party in die Kaapse Parlement. Van toe af het die *Bond* sy eie lede in die wetgewende raad ingebring. Selfs Cecil Rhodes het hom as lid van die *Bond* laat inskrywe en sy eerste setel in die Kaapse Parlement het hierdie party hom besorg. Wat die *Afrikaner Bond* op politieke gebied verrig het, vind ons in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika opgeteken. En die liggaam het bly staan totdat die Unie van Suid-Afrika in 1910 geproklameer was.

Dit was nie die lede van die Genootskap wat die taal-, kultuur- en politieke kwessies met sukses end-uit geveg het nie, maar wie sal nog betwyfel dat die Genootskap nie die sade daarvoor gesaai het nie? In ieder geval, hulle het die weg daarvoor geopen en die vegters daarheen gelei, al het hulle die erkenning daarvoor nie ten volle ontvang nie — dit neem die feit tog nie weg, die onpartydige geskiedenis sal tog nie lieg nie.

---